**Bylae 1**

## Vrae Wat Dikwels Gevra Word

1. **Informasie oor Lion Life, Emerald Life en die Voorgenome Oordrag**

1.1 **Wie is Lion Life?**

Lion of Africa Life Assurance Company Limited, registrasie nommer 1942/015587/06 ("**Lion Life**") is 'n publieke maatskappy en 'n geregistreerde langtermyn versekeraar wat in Suid Afrika geinkorporeer is.

1.2 **Wie is Emerald Life?**

Emerald Life Proprietary Limited (registrasie nommer 2016/534835/07) ("**Emerald Life**") is 'n privaat maatskappy en 'n gelisensieërde mikro-versekeraar wat in Suid Afrika geinkorporeer is en 'n lid is van die Emerald groep van maatskappye.

2. **Oordrag van die Oordrag Polisse vanaf Lion Life na Emerald Life**

2.1 **Hoekom gaan die versekeraar van my polis verander?**

Lion Life en Emerald Life het ooreengekom dat die polisse, soos na verwys word hierna, oorgedra sal word na Emerald Life. Die oodrag is egter onderworpe aan die voorwaarde dat dit goedgekeur sal word deur die Voorsorgowerheid, soos vereis ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet, 2017 (die "**Versekeringswet**"). As sulks, sal Emerald Life die versekeraar van die polisse word, nadat die goedkeuring van die Voorsorgowerheid vekry is vir die oordrag van die polisse (die "**Voorgenome Oordrag**").

2.2 **Watter polisse word geraak deur die Voorgenome Oordrag?**

Die polisse wat oorgedra word is begrafnispolisse wat deur Lion Life onderskryf word. Die polisse was voorheen verkoop en geadministreer deur Emerald Life ("**Oordrag Polisse**").

2.3 **Is daar enige uitsonderinge?**

2.3.1 Ja:

2.3.1.1 50% van die begrafnisversekeringspolisse tans onderskryf deur Lion Life, versprei en geadministreer deur Emerald Life

2.3.1.2 waar premies betaal word deur middel van aftrekkings van maatskaplike welsyn toelaes ingevolge regulasie 29(1) van die regulasies gepubliseer onder die Wet op Maatskaplike Bystand, 2004 en soos ooreengekom tussen Lion Life en Emerald Life,

sal nie na Emerald Life oorgedra word nie

2.3.2 Indien u premie op enige ander manier as direkte aftrekking van maatskaplike toelaes betaal word in terme van regulasie 29(1) van die regulasies wat gepubliseer is onder die Wet op Maatskaplike Bystand, 2004, sal dit van Lion Life na Emerald Life oorgedra word. Dit is waarskynlik dat u 'n SMS van Emerald Life en/of Lion Life ontvang het om te bevestig dat u polis na Emerald Life oorgedra sal word.

2.4 **Watter begrafnispolisse word geaffekteer?**

2.4.1 Die volgende polisse word geaffekteer:

- Indien U polis betaling gemaak word deur middel van debietorder en U ontvang 'n SMS, sal U polis oorgedra word na Emerald Life;
- Indien U polis betalings afgetrek word van U maatskaplike welsynstoelaag en U ontvang 'n SMS, sal U polis oorgedra word na Emerald Life;
- Indien U geen SMS ontvang het nie en U onseker is of U polis geraak word deur die voorgenome oordrag, kontak asseblief enige van die volgende inbelsentrums: Emerald Life, by 0861 666 333 en/ of Lion Life by 021 461 8233.

2.5 **Hoe sal die Oordrag Polisse oorgedra word?**

2.5.1 Die Oordrag Polisse sal oorgedra word aan Emerald Life as deel van die besigheidstransaksie wat gesluit is tussen Lion Life en Emerald Life. Dit beteken dat Emerald Life die nuwe versekeraar van die Oordrag Polisse sal word (die "**Oordrag Ooreenkoms**").

2.5.2 Die Oordrag Ooreenkoms is onderworpe aan die voorwaarde dat die oordrag goedgekeur word deur die Voorsorgowerheid, soos vereis word ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet. Sodoende moet 'n gedetailleerde regulatoriese proses gevolg word, soos wat hieronder uiteengesit word.

2.5.3 Emerald Life sal die versekeraar van die Oordrag Polisse word, sodra die Voorsorgowerheid toestemming gegee het vir die Voorgenome Oordrag.

3. **Het U toestemming verleen dat U polis of dekking oorgedra word?**

Nee. Die polishouer se toestemming word nie vereis vir 'n oordrag ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet nie.

4. **Wat gaan gebeur as die Voorgenome Oordrag goedgekeur word?**

4.1 Alhoewel die toestemming van die polishouer nie 'n vereiste is vir die Voorgenome Oodrag nie, skryf die Versekeringswet wel voor dat 'n gedetailleerde regulatoriese proses gevolg moet word en dat toestemming vir die Voorgenome Oordrag vanaf die Voorsorgowerheid verkry moet word.

4.2 Dekking ingevolge die Oodrag Polisse sal onveranderd bly en die voordele bly dieselfde.

4.3 Die enigste verandering wat sal plaasvind is dat die Oordrag Polisse deur Emerald Life onderskryf sal word (en nie meer deur Lion Life nie), sodra die Voorgenome Oordrag deur die Voorsorgowerheid goedgekeur word.

5. **Sal polis voordele verseker bly?**

5.1 Ja. Polis voordele bly onveranderd,. Geen bykomende kostes sal gehef word teen enige polisse op grond van die Voorgenome Oordrag nie.

6. **Hoe sal die Voorgenome Oordrag plaasvind?**

6.1 Die oordrag van die besigheid van 'n versekeringsmaatskappy is onderworpe aan 'n gedetailleerde regulatoriese proses ingevolge die Versekeringswet en moet goedgekeur word deur die Voorsorgowerheid.

6.2 Die volgende stappe in verband met die Voorgenome Oordrag het alreeds plaasgevind:

6.2.1 Lion Life en Emerald Life het 'n aansoek ingedien by die Voorsorgowerheid vir die goedkeuring van die Voorgeskrewe Oordrag;

6.2.2 Die hoofde van die aktuariële funksies van beide Lion Life en Emerald Life het verslae uitgereik aangaande die lewensvatbaarheid van Voorgenome Oordag;

6.2.3 Die Voorsorgowerheid het reeds hul voorlopige steun aan die Voorgenome Oordrag geleen en toestemming aan Lion Life and Emerald Life verleen om die Voorgenome Oordrag en die gevolglike veranderinge aan polishouers te kommunikeer, soos van hulle vereis word ingevolge die Versekeringswet; en

6.2.4 Formele Kennisgewing van die Voorgenome Oordrag is gepubliseer in verskeie koerante en oorgedra deur ander vorme van kommunikasie om te verseker dat alle polishouers voldoende kennis van die Voorgenome Oordrag ontvang.

6.3 Enige polishouer van 'n Oordrag Polis of enige ander party met 'n belang wat geraak word deur die Voorgenome Oordrag kan die Voorsorgowerheid, teen nie later as 17 Julie 2026, kontak in verband met enige aspek van die Voorgenome Oordrag.

6.4 Indien u 'n beswaar het teen die Voorgeneme Oordrag, kan u vertoë rig aan die Voorsorgowerheid en/of die Finansiële Sektor Gedragsowerheid. Vertoë kan gerig word aan die Voorsorgowerheid en/of die Finansiële Sektor Gedragsowerheid by wyse van 'n telefoon oproep, per e-pos of per brief. Die vertoë moet die Voorsorgowerheid of Finansiële Sektor Gedragsowerheid ten laaste teen 17 Julie 2026 bereik.

6.5 Indien u nie 'n beswaar teen die Voorgeneme Oordrag het nie, hoef u nie verklarings te liasseer of vertoë te rig nie. Sodra die Voorsorgowerheid die Voorgenome Oordrag goedkeur, sal u polis outomaties oorgedra word na Emerald Life.

6.6 Let asseblief daarop dat die Ombudsman vir langtermynversekering en die Ombud vir Finansiële Diensversaffers u nie behulpsaam sal kan wees in hierdie aangeleentheid nie.

## 7. Wat as ek nie wil hê dat Emerald Life enige dekking wat my aangaan moet onderskryf nie?

U is geregtig daarop om vertoë te rig aan die Voorsorgowerheid en/of die Finansiële Sektor Gedragsowerheid, aan Lion Life of Emerald Life, indien u enige bekommernisse het aangaande die Voorgenome Oordrag. Enige vertoë of navrae moet die Voorsorgowerheid en/of die Finansiële Sektor Gedragsowerheid, Lion Life of Emerald Life ten laaste teen 17 Julie 2026 bereik. Die nodige kontakbesonderhede word hieronder uiteengesit.

8. **Waar kan ek meer inligting bekom aangaande die Voorgenome Oordrag?**

8.1 Kopieë van die dokumente wat hieronder genoem word, sal beskikbaar gestel word vir inspeksie op die webtuistes van:

8.1.1 Lion Life by www.lionlife.co.za; en

8.1.2 Emerald Life by www.emeraldlife.co.za

8.2 Kopieë van die dokumente wat hieronder genoem word, sal beskikbaar gestel word vir inspeksie by die takke van Emerald Life en die hoofkantoor van Lion Life.

8.3 Die dokumente wat beskikbaar gestel sal word vir inspeksie, sal insluit:

8.3.1 'n Kopie van die Aansoek Vorms (uitsluitende die bylae);

8.3.2 'n Kopie van die Oordrag Ooreenkoms (uitsluitende die bylaag);

8.3.3 Alle kommunikasie kennisgewings (wat die volgende insluit: 'n formele kennisgewing in koerante, SMS bewoording, 'n brief kennisgewing tesame met a kopie can die vrae wat dikwels gevra word).

9. **Wie kan U kontak indien U navrae het aangaande die Voorgenome Oordrag?**

9.1 Rig asseblief enige vertoë of navrae as volg:

9.1.1 Per telefoon: Emerald Life, by 0861 666 333 en/of Lion Life, by 021 461 8233

9.1.2 Per epos: Emerald, by info@emeraldlife.co.za en/of Lion Life, by transfer@lionlife.co.za

9.2 Alternatiewlik, rig asseblief u navrae of vertoë aan die Voorsorgowerheid per e-pos by SARB-PA@resbank.co.za en/of die Finansiële Sektor Gedragsowerheid by Section50@fsca.co.za.